Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Paul Swart**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Paul.Swart@westerncape.gov.za | 021 467 2025

Lêerno.: 18/2/R
Verwysing: 20250128-79

Omsendbrief: 0004/2025
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste, Kringbestuurders, Leerdervervoerskema-distriksamptenare, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en vaardigheidskole met Leerdervervoerskema-roetes

Kort opsomming: *Standaardbedryfsprosedure en gebruikershandleiding vir Leerdervervoerskema-roetes.*

**Onderwerp: Wes-Kaapse Onderwysdepartement se Standaardbedryfsprosedure vir Leerdervervoerskema-roetes en administrasie van afgewentelde Leerdervervoerskama-roetes**

1. **Standaardbedryfsprosedure (SBP) vir Leerdervervoerskema- (LVS-) roetes**

1.1 Die SBP vir LVS-roetes is hersien en gewysig.

1.2 Die goedgekeurde SBP vir LVS-roetes (2025) is by hierdie omsendbrief aangeheg, saam met die amptelike vorms wat gebruik moet word vir die administrasie van leerdervervoer wat deur die WKOD befonds word.

1.3 Hierdie aangehegte SBP herroep en vervang alle dokumente waarna in Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0013/2020, gedateer 13 November 2020, en Omsendbrief 0040/2012, gedateer 30 Oktober 2012, verwys word.

2. **Gebruikershandleiding vir die administrasie van afgewentelde LVS-roetes**

2.1 Ten einde die administrasie van afgewentelde LVS-roetes te verbeter, is 'n gebruikershandleiding vir die administrasie van afgewentelde LVS-roetes ontwikkel. Die handleiding sal aan skole leiding gee om te verseker dat afgewentelde LVS-roetes doeltreffend bestuur en gemonitor word.

2.2 Die handleiding vir die administrasie van afgewentelde LVS-roetes sluit 'n verpligte kontrakdokument in wat skole wat van 'n diensverskaffer gebruik maak om die dienste op afgewentelde LVS-roetes te lewer, moet gebruik. Hierdie verpligte kontrakdokument moet gebruik word vir enige kontrakte wat ná die uitreiking van hierdie omsendbrief deur 'n beheerliggaam vir die lewering van vervoerdienste op 'n LVS-roete gesluit word.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle LVS-belanghebbers.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-02-12